

## Fiela se kind - Die Drama (Daleen Mathee)

## EERSTE BEDRYF (VERVOLG)



**(Bergreeks aan die Seekant)**



**Langekloof omgewing**



**Mannetjie en wyfie – volstruis**



**Fiela se kind (Agtergrond – omgewing (Lange Kloof) en Fiela in haar huisie)**

**Bl. 46**

**Toneel 2**

Vrae:

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae :

*Ligte op. Die Lange Kloof. Buite voor Fiela se huis onder die boom. Ons hoor hoe die kinders die volstruis aanja kamp toe. Fiela en Selling op verhoog.*

Fiela*:* Kyk nou daar vir Benjamin, Selling! Al voor die volstruis uit, en ek het hm uitdruklik gesê hy kan saamgaan as hy agter draf!
Selling: Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie. Daardie perdekar is al heelweek op en af hier in die Kloof. Vreemde kar.

1. Wie is Benjamin? (1)

2. Waarmee boer Fiela? (1)

3. Watter voorwaarde het Fiela aan Benjamin gestel as hy wil saamgaan na die volstruiskamp toe? (1)

4. Hoe lank is die perdekar in Lange Kloof gesien? (1)

5. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

   Die perdekar wat rondry was…

   A: Smouse
   B: Sensusamptenare
   C: Verkopers
   D: Koos Wehmeyer (1)

6. Ressorteer die woorde in kolom B sodat hulle by die karakters in kolom A pas.
   Skryf slegs die nommer (6.1-6.4) en die letter (a-c) as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 6.1 Komoeti gesin | a) Oude Wolwekraal |
| 6.2 Fiela se oorlede pa | b) Mooi en bietjie rankerig om die boude |
| 6.3 Wyfie volstruis | c) Langekloof |
| 6.4 Benjamin | |

(3)

7. Wat is die geldwaarde van *twee oulap*? (1)

8. Wat kon vir twee oulap verkoop word? (1)

**Bl. 47**

9. Voltooi die sin deur die woorde wat uitgelaat is in te vul:

   9.1 Lange Kloof lê tussen 'n _______waar daar klippe is aan die eenkant en 'n ______ aan die Seekant van die berg. (2)

10. Watter diere is nog op die werf behalwe volstruise? (2)

11. Hoekom dink jy het Fiela die boerdery oorgeneem op die plasie? (1)

12. Wat is die mannetjievolstruis se naam? (1)

13. "Selling se hande bring ook iets in"

    13.1 Wat word bedoel met hierdie aanhaling/ uitdrukking? (1)
    13.2 Watter items het Selling gemaak? (3)

**[20]**

**Bl. 48**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Fiela: Werk mooi met haar! (Aan Skopper). Sies! Ses karwatse en twee swepe moes ek vir haar ruil en jy kyk haar nie eers aan nie. |

14. Wie is Skopper? (1)

15. Het Fiela geld betaal vir die wyfievolstruis? Motiveer jou antwoord. (1)

16. Tollie verwys na Koos Wehmeyer as "baas". Wat sê dit van die agtergrond (milieu) waarin hierdie drama afspeel? (1)

17. Benjamin het 'n voorliefde vir "skuite". Waarmee hou dit verband? (1)

18. Beskryf die twee persone wat met die perdekar vir Fiela-hulle kom besoek. (2)

**Bl. 49**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Lange: Middag, Mooi volstruismannetjie wat julle daar in die kamp het.<br>Fiela: Hy's nie te koop nie. |

19. Sou jy sê Fiela is gasvry teenoor die twee besoekers? Motiveer jou antwoord. (1)

20. Wat se tipe karakters is die twee besoekers? Motiveer jou antwoord. (1)

21. Hoe spreek Fiela die twee besoekers aan? Watter tydperk is hier ter sprake? (2)

22. Fiela weet nie wat Sensus is nie. Hoe verduidelik Lange dit aan haar? (1)

23. Fiela kan nie die doel sien in die Sensus nie. Hoe verduidelik Dikke die motief vir Sensus in Fiela se leefwêreld? (1)

24. Waarom wil Fiela nie nou vir Benjamin naby die huis hê nie? (1)

25. Kan Fiela lees en skryf? Motiveer. (1)

**Bl. 49 & 50**

26. Ressorteer die woorde in Kolom B sodat dit by die karakters pas in Kolom A.
Skryf slegs die vraagnommer (26.1 – 26.4) en die letter (a-e) neer as antwoord.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 26.1 Selling | a) oudste |
| 26.2 Fiela | b) gebore toe die hulle die Engelse moes aanry met waens |
| 26.3 Lange | c) 1825 Setlaars |
| 26.4 Kittie | d) "Tydens watter pes of ellende is jy gebore?" |
| | e) 19 Oktober 1836 |

(4)

27. Aan wie het die grond waarop Fiela en haar gesin woon oorspronklik behoort? (1)

28. Hoeveel kinders van haar eie het Fiela? (1)

**[20]**

**Antwoorde:**

1. Benjamin is die weggooikind wat op drie jarige ouderdom by Fiela se huis gevind is. (1)
2. Volstruise (1)
3. Dat hy agter moet draf. (1)
4. Heelweek (1)
5. B (1)
6. 6.1 (c)

   6.2 (a)

   6.3 (b) (3)
7. Twee pennies (1)
8. Dasvelle (dassie se vel ) (1)

9.1 . Lange Kloof lê tussen 'n <u>berg</u> waar daar klippe is aan die eenkant en 'n <u>bos</u> aan die Seekant van die berg. (2)

10. bok en 'n paar skape. (2)
11. Selling is te swak (sieklik) (1)
12. Skopper (1)
13. (1) Selling se handewerk / dit wat hy maak , bring ook 'n geldjie in die huishouding in. (1)

    (2) **velle wat hy brei**, **karwatse** en **swepe** en **skoene** wat hy maak. (enige 3) (3)

**[20]**

14. Mannetjievolstruis (1)
15. Nee. Sy het twee swepe en ses karwatse vir die volstruis geruil. (1)
16. Apartheidsjare (1)
17. Met die see. (1)
18. Lang man (met 'n bril) en Dikke (rooi in die gesig) (2)
19. Nee. Hulle moet twee keer vra vir sitgoed / stoele. (1)

20. Newekarakters. Name nie bekend nie – net byname. (1)

21. Baas. Apartheidsjare. (2)

22. Mense moet getel word. (1)

23. Soos sy haar hoenders saans tel, moet mense getel word. (1)

24. Sy weet hy is nie haar eie kind nie/ Hy's onwettig aangeneem. (1)

25. Ja. Sy het die grondslagfase leesboeke gelees. (haneboek en Trap de Jeugd) (1)

26. (26.1) (b)

    (26.2) (e)

    (26.3) (d)

    (26.4) (a) (4)

27. Wehmeyers. (1)

28. Vier (1)

**[20]**